Seremonies

"Goeie leiers is mense wat 'n bietjie meer blaam neem as wat hulle verdien en 'n bietjie minder krediet as wat hulle toekom"
- Roy B Zug

Doelwit: *Om die Verkenner op te lei om seremoniële sake flink, netjies en aanskoulik aan te bied.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
8. 'n Voortrekker neem leiding.

ABC: Deur die aanbieding van die spesialisasie word die Verkenner se vaardighede as mens ten opsigte van veral die B en C binne die ABC aangespreek. Die vaardighede wat gedurende die kursus aangeleer word, ondersteun die Verkenner daarin om as selfversekerde leier 'n bydrae te kan maak in enige seremoniële konteks.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	24 uur kursus tyd	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	· Die evalueerder moet 'n volwasse lid wees wat die seremonie-spesialisering binne Die Voortrekkers gedoen het of 'n persoon wat die vaardighede van seremonies ten volle bemeester het. · Hierdie spesialisasie kan slegs deur 'n span/groep gedoen word. · Uitkomste 1 tot 6 moet in dieselfde evalueringsessie nagekom word. · Elke Verkenner van die span/groep moet 'n besondere hoë peil bereik met die seremonies. · In uitkomste 1, 2 en 3 word verwag dat elke Verkenner die bevele moet kan gee. · Uitkomste 4, 6 en 7 se bevele kan óf deur 'n span/groep óf deur die persoon wat die opleiding gedoen het, gegee word. · Die Verkenner moet in besit wees van volledige formele Voortrekkerdrag.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die volgende bewegings op die halt kan doen en die betrokke bevele kan gee:*
   - *1.1 Staan in rus.*
   - *1.2 Regs rig.*
   - *1.3 Oë front.*
   - *1.4 Op die plek rus.*
   - *1.5 Markeer die pas.*
   - *1.6 Aandag.*
   - *1.7 Aantree.*
   - *1.8 Regsom.*
   - *1.9 Linksom.*
   - *1.10 Uittree en verdaag.*
   - *1.11 Omkeer.*
   - *1.12 Saluut.*
2. *Die volgende bewegings in die mars kan doen en die betrokke bevele kan gee:*
   - *2.1 Voorwaarts mars.*
   - *2.2 Regs om en links om.*
   - *2.3 Omkeer.*
   - *2.4 Na regs en links salueer.*

2.5 Regs en links swenk.
2.6 Vorentoe salueer.
2.7 Markeer die pas.
2.8 Halt.

3. *'n Vlaghysing en vlagstryking, vlagpresentering en vlagverwydering doen waar elkeen moet optree as seremonieleier.*

4. *Vertroud wees met die Voortrekkerdragreglement vir Verkenners.*

5. *Deelneem aan 'n Voortrekkerdraginspeksieseremonie.*

6. *Vertroud wees met die wyse waarop die volgende gedoen word:*
   6.1 Erewag.
   6.2 Fakkelloop.
   6.3 Ontvangswag.

7. *Deelneem aan 'n kerkseremonie en een van die volgende beplan, opstel en uitvoer tydens die kerkseremonie:*
   7.1 Erewag.
   7.2 Fakkelloop.
   7.3 Ontvangswag.

8. *Kennis dra van die verskillende stemmings wat geskep kan word deur gebruik te maak van fakkels, kutuurvlae, vaandels, verskillende grootte vlae, musiek, ensovoorts.*

9. *Tydens 'n formele funksie van die kommando of oord, die volle opening- en afsluitingseremonie beplan, organiseer en uitvoer.*

10. *'n Geleentheidseremonie (afskeid-, oorvlieg-, inlywingseremonie, ensovoorts) met inagneming van die aspekte by punt 6, beplan en uitvoer.*

WENK
Maak gebruik van die seremoniële handleiding.